Mediaverklaring

SOS vier Erfenisdag met suksesvolle virtuele kongres

2020/09/24

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) het die afgelope paar maande nie net Suid-Afrikaanse onderwys op alle vlakke beskerm en ondersteun nie, maar ook gegroei tot 'n instelling waarop onderwysers en ouers kan staatmaak.

'n Opname van Solidariteit het getoon dat 4,8% van onderwysers voor Covid-19 van aanlyn opsies gebruik gemaak het. Na Covid-19 sê 68% van onderwysers dat hulle meer gereeld of permanent van aanlyn opsies gebruik maak. Dr. Dirk Hermann, hoofspreker by die kongres en Bestuurshoof van Solidariteit, sê: "Afrikaanse onderwys is deur die krisis verbeter - ons het nuwe metodes ontgin en tegnologie op nuwe maniere aangewend. Afrikaanse onderwys is meer veerkragtig as ooit vantevore."

Die keuse van Groei as tema vir die SOS se eerste virtuele kongres, is 'n weerspieëling van die groei wat vanjaar op alle terreine by skole ervaar is. Die kongres was aan die voorpunt van tegnologie met 21 sprekers, 20 unieke wegbreeksessies en boonop 'n Braaidagboodskap van Jan Braai - alles aanlyn!

Die SOS se impak op Afrikaanse onderwys het tydens die Covid-19-pandemie eksponensieel toegeneem. Platforms soos ZOOM en Teams het oornag deel van die daaglikse roetine geword en begrippe soos omgekeerde klaskamers en vervlegte leer het huishoudelike name geword. Om te voldoen aan die behoefte aan aanlyn inhoud is Die Wolkskool tydens inperking uitgebrei tot 'n volwaardige aanlynleerstelsel en is 40 addisionele vakspesialiste gekontrakteer om vakinhoud te vervaardig. 'n Bykomende 4 voltydse personeellede is by die SOS aangestel. Die Wolkskool se getalle het gegroei tot meer as 123 000 leerders en 39 000 onderwysers het opleiding deur middel van webinare ontvang.

Tydens die kongres het dr Hermann aangekondig dat Leon Fourie as die SOS se nuwe Uitvoerende hoof aangestel is. Hermann het Fourie beskryf as 'n roepingsgedrewe spesialis met diepgewortelde morele waardes wat sy doen en late rig. Fourie is 'n bewese bedryfsingenieur en senior projekbestuurder met meer as 10 jaar se ondervinding in die bedryf.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) is gerig op die versterking van Afrikaanse onderwys. Die SOS se Wolkskool bied 'n volledige aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 - 12, en twaalf verskillende vakverenigings bied professionele ondersteuning aan onderwysers.

Vir alle medianavrae:

SKOLE
ondersteuningsentrum

SARINA PRINSLOO
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za